MUSIEK SG VR 1 **NOVEMBER 2006**

VRAAG 1

Kandidate was onseker van die korrekte wyse waarop die gedig geskandeer (bepaling van die woordaksente) behoort te word. Ander probeemareas was frasering, modulasie (beweging na ‘n nuwe toonsoort en terugkeer na die oorspronklike toonsoort), die gebruik van melismas (meer as een noot per lettergreep), en die aanbring van vertolkingstekens, bv. tempo en dinamiek.

VRAAG 2

Heelwat kandidate was nie bewus van sommige van die basiese vereistes by die voltooiing van ‘n drieledige melodie (d.w.s. drie frases van vier mate elk) nie. Ander probleemareas was die geskiktheid van die melodie vir die gekose stem/orkes-instrument (‘n klavier is nie ‘n oreksinstrument nie), modulasie, frasering en vertolkingsaanduidings.

VRAAG 3

Beide stempartye van ‘n tweestemmige komposisie moet gefraseer word. Kandidate het nie geweet hoe om die opeingstema na te boots nie. Ander probleemareas was modulasie die gebruik van ‘n sekwens, en die basiese beginsels van goeie kontrapunt.

VRAAG 4

Hierdie vraag was die maklikste van al die vrae. Probleemareas was die bepaling van ‘n toonsoort in ‘n musiekstuk, akkoordbesyfering en die identifikasie van nonakkoordnote.

VRAAG 5

Feitlik al die kandidate het van die basiese “bestanddeel” van ‘n vierstemmige harmonisasie vergeet, nl. **frasering**. Indien die melodie nie gefraseer word nie, impliseer dit dat daar nie kadense gaan wees nie. Ander probleemareas was die gebruik van basiese harmoniese progressies met gebruikmaking van primêre en sekondêre drieklanke, die gebruik van 6/4-progressies (deurgangs en kadensieel), basiese modulasie na ‘n verwante toonsoort d.m.v. ‘n spilakkoord (‘n skakelakkoord wat in beide toonsoorte voorkom) en die gebruik van ‘n sekwens.